CACHET APTEEK

U Plus Apteek
**TOMSTRAAT 92**
**Tel. 4201**
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
**Johan Claassen Broers**

JAARGANG XXXV — NOMMER 3 — 15 FEBRUARIE 1980



*Die mooi Karnaval '80-hempie, wat teen R4,00 by die inligtingsgat beskikbaar is, word hier deur een van die kampus se pragtige dames vertoon.*

# PU neem die voortou met Studente-Unie

**DIE unieke Studente-Unie vir Christen-Aksie is dié vakansie op inisiatief van mnr. Pieter Fourie, studenteraadslid aan die PU, gestig. Dit is die eerste organisasie sedert 1959 waar Christen-studente oor die rassegrens kan skakel.**

Volgens mnr. Fourie het die konferensie twee basiese doelstellings gehad. Ten eerste was dit die doel om mekaar in Christus beter te leer ken en nader te kom om mekaar beter te kan liefhê. Voortvloeiend hieruit wou hulle ook saam die realiteite en probleme in Suid-Afrika bestudeer. Daar is onder meer gepraat oor nasionalisme en Pan-Afrikanisme, identiteit en hoe die eenheid van die kerk vergestalt word onder Suid-Afrikaanse Christene.

Kenmerkend van die konferensie was dat mense nie konflik probeer vermy het nie, maar openhartig gesels het. Mnr. Fourie meen dat hulle juis in Christus 'n basis gehad het om mekaar se verskille te aanvaar en te probeer verstaan. Daar was 'n opmerklike openhartigheid om te luister na mekaar se standpunte.

Die Swart studente het opgemerk dat daar 'n duidelike kentering op die Afrikaanse kampusse ingetree het. Daar is nou 'n groter openhartigheid om hulle te verstaan, te aanvaar en strukture te skep om hulle te akkommodeer.

Die hele konferensie was aksie-belaai. Volgens mnr. Fourie wil studente nie meer net langs die kantlyn sit en praat nie. Dié houding het uitgeloop op 'n nuwe vereniging. Die Studente Unie vir Christen Aksie is uniek omdat dit die eerste organisasie sedert 1959 is wat die geleentheid skep vir Christene om óór kulturele en rassegrense heen te skakel.

Die Unie het drie basiese doelstellings: Ten eerste wil dit 'n forum vir kontak vir Christene van verskillende kampusse wees. Tweedens beoog hulle die bestudering en publisering van Suid-Afrikaanse vraagstukke met die Woord van God as riglyn. Derdens beoog hulle om saam hulpprojekte van stapel te stuur om die behoeftiges in Suid-Afrika te bereik.



*Die Uitvoerende Komitee van die Studente-Unie vir Christen Aksie.*
*Agter: Theo Andrew (Durban-Westville), Moses Nthla (Noorde), Isak Retief (UOVS), Piet Fourie (PU), Chris Swart (Natal).*
*Voor: Jeremy Ive (Rhodes), Lazi Gopane (Wes-Kaap), Samuel Shokane (Fort Hare), Mbuyisele Deliwe (Fort Hare), Paul Germond (UCT).*

# Onderwys moet voorkeur kry

**DR. P.W. VORSTER, Kanselier van die Potchefstroomse Universiteit het tydens sy intreerede, Vrydagaand gesê 'n hoogs doeltreffende en lewenskragtige onderwysstelsel is onontbeerlik vir ons volk se voortbestaan, groei en ontwikkeling.**

Dit het dus nodig geword



*Ds. A.A. Venter, voorsitter van die Raad van die PU vir CHO, hou die toga reg vir dr. P.W. Vorster tydens sy inhuldiging as die nuwe kanselier van die PU.*

dat daar indringend na ons hele onderwysopset in al sy fasette gekyk word. Lapwerk en ad hoc regstellings waar die krisisse te erg word en periodieke salarisaanpassings, bied nie 'n blywende oplossing vir die onderwysvraagstuk in sy breë omvang nie, het dr. Vorster gesê. Die hoogste prioriteit moet aan onderwys verleen word, indien die toekoms met welslae tegemoet gegaan wil word.

Dr. Vorster sê 'n universiteit is die kragsentrale waar die brein- en intellektuele potensiaal van 'n volk se jeug ontwikkel en diensbaar gestel word. Vir Suid-Afrika is dit dus van lewensbelang dat sy universiteit oor die dienste van die allerbeste wetenskaplikes sal beskik. Universiteite sal slegs deur gunstiger diensvoorwaardes en die verskaffing van doeltreffende gerie-

**Vervolg op bl 3**

## Lid van ANC

Die afgelope vier Nusas-presidente was òf lede van die verbanne 'African National Congress' òf het met hulle kontak gehad. Sommige van die agt Nusaslede wat in 1973 verban is, was ook lede van die ANC.

Min. Louis le Grange het tydens die wantrouedebat in die Parlement ook gesê kapt. Craig Williamson het by die ANC aangesluit tydens sy termyn as vise-president van Nusas.

**DIE Wapad is op soek na 'n penningmeester. Mans en dames wat belangstel, moet aansoeke met hul name, adresse, en vorige ondervinding in bussie 13 by die inligtingskantoor gooi. 'n B.Com-graad sal 'n aanbeveling wees.**

# B.Ed word van nader beskou


**DIE PU het onlangs met kritiese oë na die samestelling van die Baccalaureus Educationis (B.Ed)-studieprogram gekyk en vasgestel dat die opvoedkunde só 'n groeiende vak is dat algemene B.Ed nie meer deug nie.**

Nuwe geïntegreerde graadkursusse word vanaf 1980 aangebied. Onderwysvakke sal dan saam met byvoorbeeld BA-vakke geneem word. Die kursus duur vier jaar.

Daar is beplan om in 1981 sewentien en selfs agtien spesialiseringsrigtings in die tweede B.Ed-studiejaar aan te bied, afhangende van die aantal studente wat in 1980 vir die kursus inskryf.

Die eerste studiejaar dien as basis vir die tweede — die spesialiseringsjaar. Kursusse wat aangebied word is BA.Ed, BSc.Ed en B. Com.Ed.

HOD(nagraads) sal steeds na-uurs by die Vaalrivierse tak aangebied word. Daar word beoog om dieselfde kursus voltyds aan te bied.



*Prof Dewey de Wet — nuwe dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde.*

Beeldende Kunste Letterkunde Musiek Teater

# Sjordé begin met Beckett

**Departement Spraakleer en Drama begin vanjaar op 'n hoë noot. Die Nobelpryswenner, Samuel Beckett is aan die woord, en hy praat uit die mond van die moderne mens, Krapp.**

Krapp worstel met die eeue-oue altyd-nuwe probleem: eensaamheid. Oud, verlate en totaal uitgeput probeer Krapp die eensaamheid besweer. In sy laaste dae reik hy uit na die moderne tegnologie, maar is daar iets wat die hart teen eensaamheid kan bewaar?

Tog is dit nie 'n swaarmoedige stuk nie. "Krapp se laaste band" is tegelyk huil-hartseer en skreeusnaaks. In hierdie kort, menslike drama is veel wat humoristies en komies is.

Die stuk word as 'n Sjordéprogram in die foyer van die Kamertoneel, Hoffmanstraat 10, aangebied. Die speeltyd duur van 11 tot 15 Februarie en word tussen 13h10 en 13h50 aangebied.

Plekbesprekings kan daagliks tot 13h00 by mev. G.E. Botha, Departement Spraakleer en Drama, Hoffmanstraat 4, gedoen word. Die toegang is R1,00. Eet- en drinkgoed word teen dertig sent ekstra verskaf.

Nuwelinge op die kampus word veral na die teaterbedrywigheid uitgenooi. Dit is 'n aangename manier om ná 'n dag se klasdraf te ontspan. Almal is baie welkom by SJORDÉ van 1980.

## IBC lewer professor

Dr. B.J. van der Walt van die IBC is ook bevorder tot professor in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte.

## RAU bied Simfo '80

**DAAR is besluit om aan die begin van 1980 'n reeks konserte aan te bied onder die titel Rau-Simfo 1980.**

Hierdie besluit is geneem ná die oorweldigende sukses wat aan die begin van verlede jaar, met die optrede van die Nasionale Simfonie orkes van die SAUK, behaal is.

Twee laatmiddag konserte en twee gala konserte sal aangebied word onder leiding van die bekende Urs Schneider.

Die laatmiddag konserte sowel as die een galakonsert, word, Mimi Coertse as soliste, word in Sanlam-ouditorium op die RAU-kampus aangebied. Die ander galakonsert word in die burgersentrum op Springs aangebied, met die pianis John Ogdon as solis.

Die konserte duur tot 8 Februarie.


**Oulike koppies vir sleeptyd**



en talle ander aardigheidjies om 'n eerstejaar se kamer interessant te maak. Rakke vol van die oulikste goed om 'n dierbare maat se hart bly te maak. Net langs die INSLEEP-KAFEE.

**Insleep** -geskenkwinkel Gift Shop

?OMSTRAAT 100 TELEFOON 2-1033


## Professorate

Die volgende Dosente is in die verskeie Fakulteite tot Professor bevorder. In die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe: Dr. A.L. Barnard — Bedryfs- en Personeelkunde, Dr. C.R. de Beer — Handelsreg, Dr. C.H. Boshoff — Ekonomie.


**guys & dolls**

vat dit kop toe!







Kom ons stel jou voor aan 'n nuwe dimensie in haargolwing: UNI-PERM met pH-balans! Dit lyk nes natuurlike krulle! Geen kroes-en-knoop bossiekop nie! Nog goeie nuus van Guys & Dolls is lae, lae pryse net vir studente! Wees 'n IN-ding! Bly voor met die jongste haarmodes! Altyd tot u vriendelike diens!

Die uwe,

GUYS & DOLLS, Tomstr. 82, tel. 8071.


## Universiteit van Noorde brei uit

**GROOT uitbreidings en verbeterings sal vanjaar by die Universiteit van die Noorde voltooi word.**

'n Sentrum vir die Opvoedkunde Departement, wat teen R2 miljoen opgerig word, sal in September geopen word. Die gebou sal die grootste akademiese sentrum op die kampus wees. 'n Studentesentrum met binnenshuise geriewe vir sport, kulturele en sosiale byeenkomste sal in Oktober geopen word. Die sentrum sal ook oor 'n kafeteria, 'n boekwinkel, 'n gehoorsaal en kantore vir studenteorganisasies beskik. 'n Moderne opelug sportsentrum en 'n proefplaas sal ook ingewy word.

Dit alles val saam met die universiteit se een-en-twintigste verjaarsdag.

# Kuns vir almal

John R. Botha

**Wat beteken kuns vir u . . .? Of is belangstelling in die kunste nie een van u prioriteite nie? Is daar plek en tyd vir kunsopvoeding in u lewensprogram? Of is die verryking van die gees op dié manier vir u onbereikbaar ver?**

Die tentoonstelling van die PU se kunsversameling in kamer 318 op die boonste verdieping van die biblioteekgebou kan hierdie vrae oplos. Die werke wat tans daar hang, poog om op 'n interessante wyse onderwerpstudies aan die waardeerder voor te stel. Op elke muur van die lokaal is daar voorbeelde van hierdie tema met variasies. Meegaande plakkate verwys illustratief na die ontwikkeling van elke tema deur die eeue, hetsy portrette, figuurstudies of stillewes.

### HILLBROW

Aan die westelike muur hang 'n uitgesoekte aantal werke wat veral gemik is op die ongebonde verbeelding van die diepdenker. Was die inspirasie tot die skildery 'n doflig-landskap? Is dit dalk 'n Amerikaanse Mariner wat hier in die diepruim wentel? 'n Vlinder . . .? of Hillbrow!

### KYK SELF

Kom kyk self, geniet dit en pas 'n bietjie kunswaardering toe.

Dan weer . . . wat is verantwoorde kunswaardering . . .?

### KUNSWAARDERING KAN AANGELEER WORD

Prof. G.M. Ballot, hoof van die Departement Kunsgeskiedenis verklaar dit ten dele wanneer hy sê:

"Kunstenaars skep kunswerke en kunswaardeerders waardeer kunswerke. Op sigself is hierdie geen vreemde stelling nie, nie waar nie? Maar net so waar is dit dat die maak van kunswerke nie 'n vaardigheid in die eerste plek is nie. Kunswaardering — in teenstelling met die maak van kunswerke — is egter 'n bekwaamheid wat aangeleer kan word. Laat ons kyk hoe ver dit waar is."

Hou u van hierdie skildery? Waarom hou u daarvan, of waarom hou u nie daarvan nie? Sien u wat dit voorstel, en ervaar u iets van dit wat die skilders daarmee wil sê? Hoe is dit gemaak? Is dit dalk 'n olieverfskildery? Waarom en wanneer het die skilders dit geskilder? Wie was of is die skilders, en watter lewenservarings en -beskouings is hier ter sake?

### INTERESSANTE VRAE

Wat het die kunstenaars gedink en gevoel toe hulle dit geskilder het? Hierdie en ander vrae sou tot 'n redelik bevrediging deur uself beantwoord kon word indien u oor meer as net 'n gewone kennis en insig beskik, byvoorbeeld oor die plek waar en die tyd waarin 'n bepaalde kunstenaar gelewe het.

### TAAL

Om 'n skildery se taal te kan verstaan en dit genotvol te kan ervaar, sou dit dus nodig wees om iets definitiefs oor die tydsgees en lewensomstandighede waarin die kunstenaar geleef en gewerk het, te weet. Maar meer nog: dit sou ook nodig blyk te wees om te weet waarom die kunstenaar byvoorbeeld 'n besondere tegniek en medium van uitdrukking gekies het om in staat te kan wees om kommentaar oor sy tyd, 'n plek, sy kultuur en lewensomstandigheid te kan gee.

Die skilder se unieke vormtaal het immers te doen met dit wat hy aanbied en die wyse van uitdrukking waarmee hy dit aanbied.

Hoewel elke besondere kunswerk 'n unieke werklikheid is, staan dit nie los van ander kunswerke uit dieselfde tyd of die verlede of die toekoms nie. Eintlik is 'n besondere kunswerk ten opsigte van die wát en hoé daarvan met 'n historiese en 'n estetiese draad aan dit wat die ontstaan daarvan uit die verlede sou kon veroorsaak het. Netso is 'n kunswerk verbind aan dit wat in hierdie verband in die toekoms op dieselfde of ander plekke sou gebeur.

### WAT, WAAROM, HOE, WIE EN WANNEER

So gesien, probeer die Kunsgeskiedenis as 'n afsonderlike vak die wat, waarom, hoe, wie en wanneer aangaande skilderye, beeldhouwerke en boukunswerke beskryf, interpreteer en waardeer.

Kunswaardering en die geskiedenis van kunswerke vorm dus 'n besondere eenheid. Wanneer 'n student Kunsgeskiedenis as 'n vak bestudeer, leer hy dus om kunswerke in die lig van 'n moontlike wat, waarom, 'n hoe, 'n wie en 'n wanneer te waardeer.

### UITNODIGING

Hierdie is dus 'n uitnodiging aan alle studente om kuns te kom leer waardeer deur ons meer gereeld te besoek, vrae te vra en hoorbaar te kritiseer.

U sal self in die toekoms met die regte prioriteite 'n oordeel kan fel oor die kuns

# Gebode om lank te lewe

1. **Leg froeg jou steeds tot slape neer**
2. **En wees daar d'morre tydig weer**
3. **Eet wynig mar eet ock genoeg**
4. **Bezoek dan ferder nooit di kroeg**
5. **Jou tyd gewyd aan nuttig werk**
6. **Neem feel bewegi ng 't maak jou sterk**
7. **Leef dood bedaard as seneweloos**
8. **En dan ook: maak jou nimmer boos**
9. **Hou siil en liggaam alby ryn**
10. **Leer meester fan jou self te syn**

**Dan word jy, dit is sonneklaar,**
**Sterf jy ni eer, wel honderd jaar.**

**(UIT ONS KLYNTJI — OKTOBER 1906)**

# Ouditorium só gehuur

**Die sluitingsdatum vir besprekings vir die Ouditorium was in November 1979, maar volgens Mnr. Hans van Zyl is daar nog plek beskikbaar.**

Die huurkoste is 20% van die toegangsgeld. Die minimum vir buite-instansies is egter R200 en vir studenteverenigings R100. Indien daar nie toegangsgelde gevra word nie is dit R100 vir buite-instansies en gratis vir studenteverenigings.

Aansoeke met vermelding van die datums en tye waarop die gehoorsaal benodig word moet gerig word aan:
Die Direkteur
Studentesentrum
PU vir CHO
Potchefstroom

| NAAM VAN AANBIEDING | TYD | DATUM |
|---|---|---|
| Sonja Heroldt en Anton Goosen | 19h30 | 13 Februarie |
| Repetisie Eerstejaarskonsert | | 18 en 20 Februarie |
| Eerstejaarskonsert | 18h00 | 21 Februarie |
| Gemengde Sêrkompetisie | 18h30 | 25 Februarie |
| Gemengde Sêrkompetisie | 18h30 | 26 Februarie |
| Repetisie | heledag | 27 Februarie |
| Repetisie van Eeufees-kantate | heledag | 28 Februarie |
| Repetisie deur SAUK-simfonieorkes | heledag | 29 Februarie |
| SAUK-simfoniekonsert insluitende eeufeeskantate | 20h00 | 29 Februarie |
| Formele opening en SAUK-simfoniekonsert | 09h20 | 1 Maart |
| Eindrondes sêrkompetisies | 20h00 | 3 Maart |
| Studentevaria program deur SAUK | 22h00 | 3 Maart |
| Gé Korsten | 20h00 | 6 Maart |
| Verskeidenheidskonsert deur oud-lede van die Alabama, Thalia, PU-koor en PU-kaner | 20h30 | 8 Maart |
| | 20h00 | 7 Maart |
| Repetisie "Fiddler on the Roof" | Hele dag | 10 Maart — 17 Maart |
| "Fiddler on the Roof" | Hele dag | 18 Maart — 20 Maart |
| Gradeplegtigheid | Hele dag | 24 Maart — 27 Maart |
| Hoofgradeplegtigheid | Hele dag | 23 April |
| Nederlandse Koor | | 1 Mei |
| Anton Goosen en Laurika Rauch | | 23 en 24 Mei |
| Musiekkonsert | 20h00 | 26 Mei |
| Openingsaand van die ASB-Kongres | 18h00 | 14 Julie |
| Vertoning | 20h00 | 29 Julie |
| Alabama | | 4 Aug. — 9 Aug. |
| Eerste Minister | | 7 Oktober |
| Godsdiensoefening | Oggend | 23 Oktober |
| Prysuitdelingsfunksie | | 24 Oktober |
| Promosieplegtigheid | | 27 November |



*Mnr. Steinman de Bruyn en mej. Magdel van der Walt ontvang die Raadsmedaljes van 1979 van ds. A.A. Venter, voorsitter van die Raad van die PU vir CHO.*

# Oriëntering nou op 'n einde

**ORIËNTERING het teen die einde van verlede week tot stilstand gekom en geen voortgesette oriëntering mag weer plaasvind nie.**

Sowel die SSR as die kampusfokusgangers het besluit dat die volgende beleid ten opsigte van eerstejaars gehandhaaf moet word:

Geen morele druk mag op eerstejaars gelê word om persoonlike dienste te doen nie.

Eerstejaars mag slegs pos- en telefoondienste doen en beddegoed en tee gaan haal wanneer hy in elk geval vir homself gaan haal. Seniors mag nie gesag afdwing deur te skel, vloek of laster nie.

**PRETMAAK**

Fisiese aanranding word ten sterkste verbied en eerstejaars mag nie as 'n objek van pretmaak gesien word nie.

'n Baadjie is na oriëntering nie meer verpligtend vir eerstejaarmans nie. Slegs 'n das en knopie is nog verpligtend.

Slegs HK's mag tug toepas en massatug is verbode. Die eerste ontheffing moet as finaal beskou word en 'n tweede ontheffing mag glad nie plaasvind nie. Daar sal streng gewaak word teen voortgesette oriëntering.

**BETROKKE**

Oriëntering slaag in sy doel wanneer eerstejaars akademies inskakel en in die algemeen betrokke is by kampusaangeleenthede.

Eerstejaars kan gerus enige tyd met die huiskomitee, SSR-lid vir die koshuis, koshuisvader en studenteburo skakel om hul probleme en vrae op te los.


POTCH INRY



FEBRUARIE TEL. 21881

15 en 16de: 1ste vert : DRACULA — Peter Cushing
2de vert : AIRPORT '80 — Alan Delon
18 en 19de : 1ste vert : ALIEN — Tom Skeritt
22 en 23ste: 1ste vert : ALIEN — Tom Skeritt
20 — 23ste : 2de vert : WAY OF THE BLACK DRAGON — Karate


# Politiese Raad vernuwe

**DIE Politiese Raad beplan baie veranderings in hulle program vir die komende jaar. Daar word vir die hele jaar sowat honderd-en-tagtig byeenkomste beplan.**

In elke koshuis is daar 'n Politiese Raad-verteenwoordiger gekies. Daar word dan van hierdie verteenwoordiger verwag om die aktiwiteite van die Politiese Raad aan sy of haar koshuislede oor te dra.

Daar word ook beplan om verskeie bekendes soos Gatsha Buthelezi, P.W. Botha, Jaap Marais e.a. te kry om die studente te kom toespreek.

Die inligting kan op vier wyses oorgedra word: kontakpolitiek, studenteparlement, platform en publikasies. Die idee agter die politieke perspektiewe is om ten minste geïnteresseerd te maak in die betrokke onderwerpe. Hierdeur sal mense aangemoedig word om te debatteer en sodoende polities ingelig te word.

# Die Wapad soek eerstejaars

ALLE eerstejaars en ander studente wat belangstel om op die Wapad-redaksie te dien, moet Maandag 18 Februarie om 20h00 by die Wapad-kantoor bymekaar kom.

Mense word benodig op die algemene nuusredaksie, die sportredaksie koshuisredaksie, tiksters en advertensiewerkers.

# SSR praat oor Die Wapad op kamp

**Mnr. Jan-Louis du Plooy, SSR-voorsitter, het tydens die Kampusfokuskamp in 'n gesprek met Die Wapad die volgende aspekte genoem wat kenmerkend is van 'n goeie studentekoerant:**

Die studentekoerant moet dien as 'n inligtingsbron wat studente op hoogte van sake hou.

Die Wapad is 'n indirekte meningsvormer en moet nie die plek van ander liggame soos Korps, wat meningsvormend is, inneem nie.

'n Studentekoerant moet ten opsigte van taal, styl en uitleg altyd 'n hoë standaard handhaaf.

**LOJAAL**

Laastens moet Die Wapad altyd lojaal wees teenoor die Pukgemeenskap.

Mnr. Hugo Pienaar (SR-lid) het ook tydens die Kampusfokuskamp gesê dat die tydsaspek in berigggewing baie belangrik is. Volgens hom kan 'n berig oor drankgebruik teen die einde van die jaar in Die Wapad 'n beslisste invloed op die inskrywings van eerstejaars hê.

# Radio-Puk werf stemme

Radio-Puk hou Dinsdag, 19 Februarie, 'n keuring vir belangstellendes, platejoggies, programopstellers, administratiewe mense en nog sowat 20 ander terreine.

# Anton in Ouditorium

Vrydag 15 Augustus om 20h00 tree Anton Goosen en Sonja Herholdt gesamentlik op in die Ouditorium. Besprekings kan gedoen word by die inligtingskantoor. Die prys van kaartjies wissel van R1,50 tot R3.

# Onderwys Vervolg van bl 1

we in staat wees om gesogte wetenskaplikes te bekom en te behou. Die hoër gehalte opleidings- en navorsingsdienste wat verkry sal word, sal vergoed vir die hoër besoldigingsuitgawes, het hy gesê.

'n Stelsel van merietebevordering moet ook oorweging geniet. Soos in die sakewêreld behoort wetenskaplikes ook na verdienste besoldig te word.

Dr. Vorster het die eerstejaars ook welkom geheet en gesê dit is elke student se roeping en opdrag om deur toegewyde en pligsgetroue studie hom so deeglik as moontlik vir sy lewenstaak, waartoe hy voel dat hy deur God geroep is, te bekwaam.




(well, almost anything)
We'll do anything to see you driving a Passat.

Bring us your car and we'll show you why you should be driving a Passat.
Whatever you drive, any make, any model, we're interested because our used car market is booming.
What's more, we'll give you the very best deal on a new Passat!

Harold's Volkswagen

220 Kerk Street, Potchefstroom. Tel. 4261

Positive PNB24488

# Tesourie verhoog onderwysbeurse

**Die tesourie het onlangs die verhoging van onderwysbeurse in al die provinsies goedgekeur. Onderwysbeurse sal na verwagting met ongeveer tagtig persent verhoog word. Hierdie verhoging is die eerste een in vyf jaar. Die geweldige styging in studiekoste by die meeste universiteite die afgelope paar jaar asook losiesgeld het waarskynlik as motivering vir die verhoging gedien.**

TOEKENNING

Die verhoogde beurse sal aan sowel huidige beurshouers asook nuwe aansoekers toegeken word. Die beurse word toegeken na gelang van die tekort wat in sekere vakke bestaan.

Dr. P.S. Meyer, direkteur van Onderwys in Kaapland, het bekend gemaak dat Onderwysbeurse vir studente aan Universiteite voortaan ongeveer R1 800 sal bedra. Beurse in Transvaal sal omtrent dieselfde wees as in die Kaap.

# Kolonel vra boeke vir soldate

**Die PU is besig met 'n veldtog om leesstof vir dienspligtiges in afgesonderde basisse in te samel.**

Kol. Pieter van der Walt, Skakelbestuurder Weermagsake van die Universiteit, het gesê sy afdeling beoog om veral sagtebandboeke te stuur. Dit hanteer die maklikste en kan sommer in 'n dienspligtige se sak gedra word.

**ONTSPANNINGSLEESSTOF**

Hy het verduidelik dat die boeke ontspanningsleesstof moet wees want die dienspligtige is reeds in 'n gespanne atmosfeer.

Kol. Van der Walt het dit sterk beklemtoon dat hy geen tydskrifte en koerante wil hê nie omdat die tydskriften koerantmaatskappye self sorg dat dienspligtiges dié publikasie in die hande kr.

Belangstellendes wat boeke wil stuur, kan dit aflewer by kol. Van der Walt se kantoor in die hoofgebou van die Universiteit. As daar probleme met aflewering is, kan hy reëlings tref om dit te laat haal.

Meer inligting kan by kol. Van der Walt bekom word by telefoon 22112 x 234.



*Radio-Puk het onlangs twee bandopnemers van die SAUK aangekoop.*

# RAU keur medies in beginsel goed

**Die moontlikheid dat RAU oor die tweede mediese fakulteit in Johannesburg gaan beskik is reeds in beginsel in dic Parlement goedgekeur.**

Op die oomblik is die enigste probleem 'n tekort aan geld. Die koste verbonde aan die oprigting sal min of meer R40 miljoen beloop. Indien die fakulteit wel opgerig word, sal studente die J.G. Strijdom-hospitaal as praktiese opleidingsentrum gebruik.

Mediese fakulteite is egter baie duur om op te rig vanweë die duur apparaat en die feit dat dit nie in fases opgerig kan word nie. Prof. Phillip Tobias, hoof van Wits se mediese fakulteit, het onlangs 'n tweede mediese fakulteit bepleit vanweë die tekort aan medici wat tans ondervind word.

# UOVS wil varswater ten volle benut

**Die UOVS bied vanaf Januarie 1980 nagraadse opleiding in Limnologie (die ekologie van binnelandse waters) aan. Hierdie kursus is veral daarop gemik om die potensiaal van Suid-Afrika se beperkte varswaterbronne ten volle te benut.**

'n BSc-suiwer of BSc-Agric-graad is 'n vereiste vir toelating tot die honneurskursus. Die limnologiekomitee van die Fakulteit Natuurwetenskappe is verantwoordelik vir die limnologiese opleiding, oefen beheer uit oor alle toelatings en wys promotors aan.

Uitgebreide navorsingsfasiliteite is in al die studierigtings beskikbaar en pogings word aangewend om studiebeurse aan studente beskikbaar te stel.


**Rekenaars**

Cassio College FX 80.....R30,00
Cassio FX 510.....R40,65
Sharps IL 503.....R16,30
Sharps IL 208.....R7,15
Wit jasse en dissekteerstelle



Spesiale aanbod

Bult-Arkade Tel. 2 1112

**TOPS**


# Bib het nou verklikker




**Die nuutgeïnstalleerde boekeverklikker in die biblioteek sal diegene wat boeke in die verlede goedsmoeds uit die biblioteek gedra het in die toekoms verraai. Alle boeke moet voordat dit uitgeneem word eers by die toonbank gestempel word, so nie sal die alarmstelsel in werking tree en die betrokke student in die verleentheid stel.**

Daar was egter al gevalle van studente wat heeltemal onskuldig deur die apparaat "gevang" was, maar die oorsaak van hierdie fout kon nog nie opgespoor word nie.

*Die boekeverklikker in die biblioteek.*

# Fotograwe vir Die Wapad

Die Wapad benodig fotograwe. Voornemende belangstellendes moet ondervinding in donkerkamerwerk hê asook van hulle werk toon vir keuring.

Belangstellendes moet op Donderdag 14 Februarie tussen 13h00 en 13h45 by die Wapad-kantoor bymekaarkom.

# Professoraat aan vroue

**Twee vroue het onlangs professoraatskappe aan die PU ontvang. Hulle is proff. Johlene van Rooyen en Frederika de Villiers.**

Prof. De Villiers was vroeër hoogleraar in Verpleegkunde aan die Universiteit van die Noorde. Haar proefskrif vir die doktersgraad in die opvoedkunde wat handel oor die verplegingsdimensie in begeleiding van sterwendes het wye reaksie uitgelok.

Prof. Van Rooyen het die graad Mbc.hb aan die Universiteit van Kaapstad behaal. Sy is in 1971 as senior dosent aan die departement Farmasie aangestel.


**Mooi meisies en blomme pas bymekaar.....**

Vir die roos van jou hart is daar:

VARS SNYBLOMME
RUIKERS
POTPLANTE
DROË RANGSKIKKINGS
KUNSBLOMME
ORNAMENTE, ens.

**huis & tuin**

Tomstraat 82b, Die Bult
Tel. 4641


# Verlamde student neem BSc

**Mnr. Christof Joubert (18) wat feitlik heeltemal verlam is, het besluit om die graad B.Sc (Rekenaarswetenskap) by die Universiteit van Pretoria aan te pak.**

Mnr. Joubert, wat 'n leerling van die Hoërskool Menlopark was, het drie onderskeidings in matriek behaal. Vir die universiteit veroorsaak hy egter baie probleme. Hulle voel dat dit vir hom moeilik sal wees om betyds van klas tot klas te beweeg. Voorts bied die universiteit ook geen geriewe vir sy nie-blanke helper, William, nie. William se taak is om mnr. Joubert van klas tot klas te stoot. Ten spyte van die probleme hou hy by sy besluit en het hy reeds begin klasdraf.

# PU koop eie plaas by rivier

**DIE PU het onlangs 'n plaas gekoop wat op die Schoemansdrifpad teen die Vaalrivier geleë is. Die plaas beslaan ongeveer 300 morg en word beskikbaar gestel vir navorsingsdoeleindes deur verskillende departemente.**

'n Kampeerterrein sal ook aan die personeel en studente beskikbaar gestel word vir uitstappies.

Daar word beplan om teen 'n minimum koste die terrein so te ontwikkel dat ongeveer 50 persone gehuisves kan word.

Daar sal mettertyd 'n reglement met gebruiksvoorwaardes beskikbaar gestel word.

Die plaas Somerville wat voorheen besit van die PU was is intussen verkoop en het dit dus die ruimte geskep vir die Universiteit om weer grond aan te koop.


**GESKENKE**

Ons het 'n groot verskeidenheid geskenke vir elke geleentheid.
Vir die DAME wat omgee: Revlon, Coty, Helena Rubinstein, Innoxa. Grimeer- en velsorgmiddels vir elke veltipe.
Vir MANS wat manlik wil voel: Sanatogen, Game, Complan-proteïenpoeier vir ekstra fiksheid en meer energie.
En vir die aand se „afvaardiging" is daar Old Spice, Brut, Pub, haarmiddels en sjampoe.

**Spesiale aanbod**

WIT JASSE
DISSEKTEER-STELLE
MASSASTELLE

**Die Bult-Apteek**

Tomstraat 88b Tel. 5943

# tandem

## Versorg u klere só

**'n Paar jaar gelede het die Suid-Afrikaanse klere-industrie besluit om ook die internasionale versorgingsimbole op klere aan te bring.**

Die simbole dui die wyse aan waarop die betrokke kledingstuk maklik versorg kan word, in ooreenstemming met die stof, samestelling en tekstuur van die kledingstuk. Vandag word 'n baie groot reeks sintetiese stowwe, byvoegsels en mengsels in die maak van klere gebruik. Hierdie stowwe verleng die lewe van 'n kledingstuk en vergemaklik ook die versorging daarvan, maar dit bring ook ander metodes van versorging in gedrang.

Dit is dus belangrik om seker te maak, volgens die aanwysings aan die kledingstuk, wat die korrekte was-, stryk-, droogskoonmaak- of bleikmetode is. Dit maak dinge ook makliker vir die alleenlopende mans wat so nou en dan 'n hand in die water moet steek.

Hier volg kortliks 'n uiteensetting van die mees algemene simbole:

**WAS:**

Die gedrukte syfer dui die Celsius temperatuur van die warmwater aan:

- Moenie was nie
- Alleenlik handwas
- 40° Lae temperatuur was
- 50° Medium-lae temperatuur was
- 60° Medium temperatuur was
- 95° Hoë temperatuur was

**STRYK:**

Hoe meer kolletjies op die simbool verskyn, hoe warmer moet die yster gestel word:

- Moenie stryk nie
- Koel strykyster
- Lou-warm strykyster
- Warm strykyster

**BLEIKING:**

- Moenie bleik nie
- Hierdie materiaal kan gebleik word

**DROOGSKOONMAAK:**

- Moenie droogskoonmaak nie
- A Enige droogskoonmaker
- P Witspiritus of Perchlooretileen
- F Alleenlik Witspiritus

**ALGEMENE WENKE**

In Suid-Afrika is die son heeltemal te sterk om katoen en witgoed in op te hang. Om 'n kledingstuk te beskerm en om te sorg dat dit die minste kreukel, is dit die beste om hemde en rokke vasgeknoop aan 'n hanger in die koelte te hang. Dit is ook 'n goeie idee om langbroeke aan hulle pype, op die voorste naat gevou, op te hang. Veel minder strykwerk is die gevolg en veral denims krimp nie so maklik as hulle so opgehang word nie.

Die ideale plek vir wasgoed is natuurlik die selfhelpwassery. Dit is uiters ekonomies en al moeite is die strykwerk daarná, wat ook minder word as die klere nie in die droër ingebondel word nie, maar netjies in die rondte, lankuit gerangskik word. Was die denims en T-hemde apart, aangesien dit geneig is om 'n kleursop af te gee. Onthou tog om alle sakke leeg te maak, anders is daar nog R10-note ook om op te hang!

## Nuwe Professore

In die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte is aangestel as professor: dr. C.J. Maritz — Ontwikkelingsadministrasie, dr. P.F. van der Schyf — Geskiedenis dr. H. van der Wateren — Volkekunde, dr. J.J. van Tonder — Staatsleer.

## Bloemfontein beter

Die Suid-Afrikaanse Reklamestigting se Alle Media- en Publikasiestudie beweer dat die Bloemfonteinse gemeenskap gemiddeld twee keer beter gekwalifiseerd is as die gemiddelde nasionale profiel.

## Nuwes by Natuurwetenskappe

In die Fakulteit Natuurwetenskappe is die volgende persone tot professore bevorder: Dr. D.J. Botha — Plantkunde, dr. T.G. Dekker — Farmaseutika, dr. T. de W. Jooste — Wiskunde, dr. J.W.M. Swanepoel — Statistiek, dr. J.M. van Rooyen — Farmakologie, dr. D.J. van Wyk — Wiskunde, dr. H.A. Koeleman — Farmaseutika.

## Karnavalprogram

**Hierdie is die program vir die eerste week se karnavalaktiwiteite.**

Maandag 18 Februarie:
13h00 — 14h00 : Inbetaling van eerste Pukkie-gelde by Karnavalkantoor.
17h00 — 22h30 : Bloedskenk koshuise: Hombré; Klooster; Thaba Jäh; Oppikant; Villagers; Heimat.

Woensdag 20 Februarie:
13h00 — 14h00 : Inbetaling: verdere Pukkie-gelde.

Donderdag 21 Februarie:
Voor 13h00 : Inhandiging van Inligting (beplanning) van reklame-sette by karnavalkantoor.
13h00 — 14h00 : 1. Keuring van reklamesette deur dagbestuur en reklamesettekonvenors in Karnavalkantoor.
2. Vergadering van mielielandfietstoerryers en tegniese beamptes in studentesentrum. Inhandiging van inskrywingsvorm en -fooi van R20.
3. Inbetaling van Pukkie-gelde.
14h00 : Bekendmaking van keuring van reklamesette. Koshuisverteenwoordiger moet teenwoordig wees.

Vrydag 22 Februarie:
06h00 : Aanvang reklamesette (tot 6 Maart)
13h30 : Vergadering van sêrkonvenors in karnavalkantoor
tot voor 18h00 : 1. Indiening van vlotontwerp.
2. Indiening van stalletjieontwerpe.
3. Indiening van materiaallyste vir stalletjie en vlotte.
4. Indiening van vrywaringsvorm.
(a) Kaap na Rio
(b) Mielielandfietstoer
(c) Standaardfietstoer
(d) Skopfiets
(e) Damestrapkar
5. Indiening van alle inskrywingsvorms.
(a) Mielielandfietstoer
(b) Kaap na Rio
(c) Orkeskompetisie
(d) Sentlegging
(e) Motorfietstydren
(f) Dubbelpaaltjiekrieket
(g) Damestrapkar
(h) Blikbou
(i) Binneshuisespele

## Johannesburg kry nuwe Technikon

Die ontstaan van 'n nuwe Technikon in Johannesburg is in die Staatskoerant deur die Staatspresident aangekondig. Dit sal meebring dat die huidige korrespondensiekursusafdeling van die Witwatersrandse Technikon vanaf 1 April 1980 'n selfstandige inrigting met 'n eie Raad sal wees. Die technikon sal geen geografiese- of rassegrense hê nie.

## ASB-aanbiedings

Die volgende datums is belangrik ten opsigte van die werksaamhede van die ASB:

9 - 12 April vind Fiësta plaas op die kampus van UPE en word aangebied deur die ASV.

2 en 3 Mei vind die Aktualiteitskonferensie plaas by RAU en G.O.K. wat hulle gesamentlik sal aanbied.

8 - 9 Augustus vind Kuesta plaas by die U.P. (binne- en buitemuurs).

14 - 18 Junie vind die kongres van die ASB plaas in Potchefstroom en die PU vir CHO en POK sal as gashere optree.

## Skaak in Studentesentrum

SKAAKSTUKKE word nog beplan vir die skaakbord in die Studentesentrum.

Die saak is in die hande van die Studenteraad geplaas maar vanweë finansiële probleme is dit op die langebaan geskuif.

'n Saak wat prioriteit geniet is die versiering van die Studenteraadskantore.

## Motorfietspak beveilig draer

**Die gerief van 'n motor en die voordele van 'n motorfiets; dit is wat die nuutvervaardigde motorfietspak sy bestuurder beloof.**

Hierdie Suid-Afrikaanse produk is ontwerp om die motorfietsryer te beveilig asook om hom teen wind en weer te beskerm. Die pak word in helder kleure vervaardig sodat die ryer ten alle tye volkome sigbaar is. Die pakke word egter ook volgens die persoonlike smaak van die koper gemaak as die bestaande keuses nie in sy smaak val nie.

Die pak is in een stuk wat voor ooprits met 'n versteekte ritssluiter. Alhoewel die pak noupassend pas word dit maklik aan en uit getrek.

Die pak word gemaak van 'n duursame sintetiese materiaal wat drievoudig dwarsoor die pak gebruik word. Die eerste laag is die binnevoering, die tweede is materiaal wat die bedrading omnul en die derde laag is dan die opvallende buitemateriaal. 'n Enkele draad wat by 'n kragpunt van die motorfiets ingeprop kan word, voorsien 'n egalige hitte oor die hele pak; wat 'n luukse in die winter!

Die voordele van die pak is tweërlei. Eerstens is die materiaal waarvan die pak gemaak is 'n sintetiese mengsel wat moeilik brand. Aangesien die materiaal drievoudig gebruik is, verlaag dit die risiko van direkte uitwendige beserings met ongeveer 80%, omdat geen liggaamsdeel onder enige omstandighede direk aan skade blootgestel is nie. Die hitte-voorsiening in die winter skakel ook die verlies van liggaamsgevoel uit, sodat die bestuurder vanselfsprekend meer beheer oor die fiets het.

Tweedens is die pak natuurlik 'n beskerming teen die weer, reën en koue, wat motorfietsry ten alle tye 'n plesier maak.

Die motorfietspak kan oor enige klere aangetrek word en dit trek baie vinnig weer uit sodat dit gemaklik vir elke rit gedra kan word. Dit vou in 'n klein bondeltjie op en kan in 'n netjiese sakkie van sowat 30 cm by 40 cm, wat saam met die pak verskaf word, gebêre word. DIE PAK IS BY DIE MEESTE MOTORFIETSHANDELAARS BESKIKBAAR.

(Met erkenning aan ROBOT)

## Studentesentrum is middelpunt

**Die luukse Hennie Bingle-Studentesentrum van die PU is reeds vir ses maande die middelpunt van die studente se buitemuurse aktiwiteite. Onder die bekwame leiding van die hoof van spysenering, mnr. Jack Momberg en sy assistent, mnr. Marius Pienaar, is menige student en hooggeplaaste se innerlike versterk. Die sentrum stel sy fasiliteite tot beskikking vir almal wat belang daarby het.**

Die weelderige ouditorium bied met sy gesofistikeerde klank- en beligtingsapparaat net die beste aan vir nagenoeg 1 200 mense. Die tegniese bestuurder, mnr. Paul Wessels, is met ingang 1980 aangestel om voltyds beheer uit te oefen oor die duur elektroniese toerusting en die ouditorium in die algemeen. As studenteadviseur (kultuuraangeleenthede) is mnr. Jans Jonker aangestel, verantwoordelik vir Alabama-aangeleenthede, wat sy pligte vanuit die sentrum volvoer.

'n Bedrywige 1980 lê vir die Studentesentrum voor: Benewens die inhuldiging van die Universiteit se nuwe kanselier, dr. P.W. Vorster, vind daar nog verskeie optredes van bekende groepe en persone plaas asook die verskillende gradeplegtighede.

Die binnenshuise sportgedeelte beskik oor geriewe vir alle moontlike binnenshuise sportsoorte. Daar is selfs twee sauna-baddens wat druk besoek word.

Die SSR en sy onderliggame word in die sentrum geakkommodeer. Studentegemeenskapsdiens se werksaamhede word in die kompleks verrig.

Die verbeterings en fasiliteite in die studentesentrum wat nog uitstaande is, is volgens die direkteur, mnr. Hans van Zyl, te wyte aan vertragings aan die kant van die leweransiers. Die tekort aan werksmense gedurende die vakansie skep ook probleme. Hy het veral verwys na die stoeltjies en tafeltjies buite die kafeteria.

## Pos- en Telekommunikasie bied beurse aan

**Die Departement van Pos- en Telekommunikasie stel beurse van ongeveer R1 800 per jaar beskikbaar. Hierdie beurse word toegeken vir studie in die elektroniese ingenieurswese of rekenaarwetenskap.**

Vyftig sulke beurse is tans beskikbaar vir studie aan die universiteit van jou eie keuse.

Skryf aan die Senior Direkteur (S), P en T-Hoofkantoor, Pretoria, 0001 vir verdere inligting.

## In Opvoedkunde bevorder

In die Fakulteit Opvoedkunde is dr. J.L. van der Walt benoem as professor in Teoretiese Opvoedkunde.



*Oortuig daarvan dat die SSR sowel as die huiskomitees op rewolusionêre wyse omvergewerp is, weier hierdie eerstejaar om te reageer op bevel van haar nuwe leiers.*



*Stedelike terrorisme steek deesdae ook sy kop uit in Potchefstroom. Mnr. Theuns Eloff, vorige leier van die Puk-studente, besig om die massa die afgrond in te lei.*



*Vir finale afronding nog net 'n tikkie hier. Hierdie vriendelike kunsstuk is Vrydagaand deur Kulu se ou-dames voltooi.*

## Kulu onthaal

**KULU se dore het die SSR op 6 Februarie onthaal. Hulle het aartappelskyfies, broodrolletjies en Pepsi voorgesit. Daarna het hulle 'n kussinggeveg gehad. Die SSR sê hulle het die geveg gewen, maar Kulu stem nie saam nie.**

Kulu het ook 'n aksie met Die Wapad-redaksie gehad.

Kulu stel vanjaar hulleself as "smurwe" voor.

Hulle het sewende gekom met die eerstejaarsatletiek.

Hulle het meer dore as vorige jare en hulle beplan 'n groot jaar saam met Heimat.



*Mnr. Jan Botha spreek die eiergooiers baie ernstig aan tydens Vrydagaand se oriëntering.*



*Afrikaner-eerstejaars moet plesierig wees, soos bewys is deur Klooster se eerstejaars tydens 'n aksie met Kulu.*

## Klawerhof het minder as voorheen

**KLAWERHOF het minder dore as voorheen, maar hulle is baie gelukkig met hulle klein groepie en hulle vorm 'n hegte eenheid.**

Hulle gaan in 1980 hoë hoogtes bereik, veral met Karnaval.

Hulle het ook 'n Tanniedoor. Tannie Hester het nou kom inskryf om in die onderwys te studeer.

Met oriëntering verby, is senior en eerstejaar nou saam in hul poging om Karnaval saam met Over de Voor te wen. Hulle sien uit daarna en hulle wag vir die groot dinge om te gebeur!

## Dinki op pad na hoogtes

**DINKI het in die verlede nog altyd aan die kortste end getrek, maar die wiel het begin draai en sake begin nou anders verloop. Meer seniors neem deel aan die koshuis se werksaamhede en hier is ook meer dore as vorige jare.**

Dinge word beter beplan en georganiseer en die Dinki dames, wat mekaar al ken, vorm 'n hegte eenheid en 'n groep met 'n mooi gesindheid. Dinki gee ook 'n koshuisbladjie uit, nl. FLUISTERMUIS.

Dinki het baie probleme wat ander dameskoshuise nie het nie, en daarom is ons soveel te meer in ons skik met die goeie opkoms van die eerstejaars.

Die fondamente is gelê en Dinki gaan begin bou aan 'n koshuis met 'n mooi gesindheid en 'n koshuis wat kompetisies sal wees vir die ander dameskoshuise. Ons sien ook baie uit na Karnaval saam met Makouvlei!

## Toeloop na Vergeet-my-Nie

**BESONDER baie seniors het vanjaar vir Vergeet-my-nie geskiet. Volgens 'n verteenwoordiger is die rede vir hierdie tendens die besondere gees wat in dié koshuis heers.**

Sommige dames was heeltemal bereid om tydelik in die snoepwinkel te slaap totdat voldoende akkommodasie gevind is. Vergeet-my-nie spog vanjaar met 250 inwoners.

## Tjort sê

**Hy kon net nie uitgepraat raak oor sy vakansie nie. Vanaf A tot Z het hy my alles vertel wat hy gedoen het. En om sommer 'n lang storie kort te maak, het hy by die bouersfirma die volgende siekverlof-aansoek raakgeloop, en dit lui soos volg:**

Jy is my foreman, en jy het yours truly Philemon Nxana instructors gegee om 'n honderd bakstene poste kaste van die first floor na die ground floor te transport.

Nou ekke het gevat die bucket en met 'n tou wat 'n loop maak deur 'n pulley op die second floor, ek het getrek die bucket op tot lapa side die first floor window, en toe ekke het vasgemaak die tou aan die grond.

Nou ekke het gelaai die bakstene deur die venster in die bucket en toe ekke het afgeloop na die grond en het die tou toe gelos maak.

Nou die bucket het geweeg banja meer as ekke, Philemon, but not wishing toe damage the companies goods ekke het gevashou die tou. Nou die bucket het afgekom at one hell of a speed en Philemon gaan op at the same speed en halfway the two meet. Nou die bucket hy slat vir my one time for better or worse, maar wat hou die tou is Philemon, en soos die bucket hy verder val so ekke gaan verder op tot my arms entangle word in die pulley.

At the same time the bucket slat die grond met such a great velocity dat die bottom van die bucket uitbreek en die bakstene scatter all over the place.

Nou ekke Philemon weeg swaarder as die bucket en soos ekke gaan af, die bucket gaan op one more time die bucket slat my out of my skull, en toe ek val, ek val tot op die stukkende bakstene, how to much pain. More or less daai time, ek moes leave gevat het of my sences, want soos ek sit vol pain tussen die bakstene en toe los die tou.

Nou die bucket hy weeg swaarder as die tou en soos die bucket hy kom af, hy crash ou Philemon en condem alles wat nog allright was.

I Respectfully Request Sickleave,
Yours sincerely,
Philemon Nxane.

Tjort tot annerkeer!

### CAPUT, OOSTERHOF EN KLAWERHOF BEKENDSTELLINGSAKSIE

"Wat is Korps"
Waar: Oosterhof-sitkamer
Wanneer: Maandag om 7.30 nm.

Bring vyf sent vir Marshmellowbraai. Korpssel Caput.




# PU presteer beste ooit met krieket

**DIE PU krieketklub het tydens die SAU toernooi, Desember 1979, die beste ooit vanaf hul bestaansjaar gevaar. Onder leiding van Ettienne van Wyk het die eerste span van die PU derde geëindig na die Universiteit van Kaapstad eerste was en die Maties die tweede plek verower het.**

Die span van die PU het uit die volgende studente bestaan: Ettienne van Wyk (kapt.); Spider Ferreira; Danie de Beer; Paul van Heerden; Daan Brümmer; André Markgraaff; Jos Coetzee; Michael Carlisle; Gerhard Retief; Christo Grobler; Pieter du Preez; Piet de Haas; Alfons Meyer en Nic Louw.

Om die prestasie van die PU-span te beklemtoon, moet genoem word dat beide die universiteite van Natal en Port Elizabeth wat in die A-liga vir die Curriebeker speel, ná die PU geëindig het. Die PU-span het ook die meeste lopies (185) teen die wenspan aangeteken. Die Maties kon slegs 121 lopies teen hulle behaal. Die PU het dan ook gelykop teen die Universiteit van Natal geëindig. Die hoogtepunt van die toernooi was beslis toe die PU-span Tuks baie maklik met vyf paaltjies geklop het.

Ettienne van Wyk het die SAU B-span gehaal terwyl Pieter du Preez baie ongelukkig was om nie 'n plek in 'n SAU-span te kry nie. Pieter het die tweede meeste paaltjies op die toernooi geneem. Hy het agt paaltjies teen RAU laat val en Lee Barnard moes as gevolg van Pieter se puik boulwerk die veld verlaat met sy telling op een.

Die PU vir CHO het die skild ontvang vir die span wat die meeste bevordering op die toernooi getoon het.



*Ettienne van Wyk*

DIE WAPAD WORD GEDRUK DEUR PROMEDIA



# Groter koshuise pla nie meer

**Na samesprekinge tussen die Uitvoerende Voorsitter van die Sportburo, Prof. J.T. Claassen, mnr. Jos Sirakis en mnr. Christo Snyman, is daar besluit om die hele aanbieding ten opsigte van die PU-kampioenskappe te hersien en wel om die volgende redes:**

Dit is 'n kampioenskapsbyeenkoms en 'n hoë standaard van aanbieding en deelname moet deurentyd gehandhaaf word.

Volgens die ou bedeling moet 'n koshuis 25 tot 30 atlete inskryf om alle items te dek. Dit is egter onregverdig teenoor sommige van die kleinere koshuise wat slegs drie tot vyf atlete tot hul beskikking het om dan mee te ding met koshuise wat tot 30 atlete kan oplewer.

Ook is atletiek 'n gespesialiseerde sportsoort soos al die ander sportsoorte en daar kan nouliks van die koshuise verwag word om in elke item deelnemers in te skryf.

Laastens bied die vier koshuisligabyeenkomste aan die koshuise die geleentheid om op 'n massavlak met mekaar mee te ding en daarom moet die kampioenskappe op 'n meer gespesialiseerde basis aangebied word.

Voorstelle ten opsigte van die byeenkoms was soos volg:

Deelname aan die byeenkoms geskied op uitnodigings- en nominasies van koshuise.

Die puntetelling word volgens die internasionale puntetabel bereken en die tien beste prestasies per koshuis word in berekening gebring vir die finale uitslag.

'n Atleet mag slegs aan drie items en 'n aflos deelneem. Indien die drie prestasies van die atlete tussen die eerste tien van sy/haar koshuis val, word al drie prestasies in aanmerking geneem. Kleiner koshuise kan gevolglik ook nou meeding teen die groter koshuise.

Elke koshuis moet 'n 4 x 100m aflos inskryf.

Die byeenkoms word geborg deur die Allied Bouvereniging en pryse sal aan die eerste drie atlete per item toegeken word.

Die trofeë vir die wenspanne sal soos in die verlede toegeken word.

Die byeenkoms tel ook net soos in die verlede vir die oorkoepelende koshuisliga.

Indien daar enige persoon is wat met voorstelle kan kom om die prestige van die byeenkoms te verbeter, moet hulle nie huiwer om mnr. Christo Snyman by die Sportburo te skakel nie.

# PU-manne presteer op grens

**Op Saterdag 19 Januarie 1980 het 53 SAI Battaljon 'n groot sportdag gehou te Ondangwa in die Operasionele Gebied. Twaalf eenhede van die gebied, die PU vir CHO-Kommando ingesluit, het op dié dag meegeding om verskeie trofeë.**

Die eerste item van die dag was 'n 10 en 'n half kilometer padwedloop. Die PU-span het hierin 'n derde plek verwerf ná die spanne van die Kleurlingkorps en die Ovambo-battaljon. Twee Pukke, Johan Badenhorst en Dreyer van der Merwe het onder die eerste tien soldate geëindig.

Die res van die oggend is bestee aan die uitdunrondtes van die toutrek, sokker en vlugbal. Die Pukke het alreeds in die eerste ronde met die toutrek en sokker uitgesak. Hulle het met die vlugbal deurgedring na die finale rondte en het die middag as wenners uit die stryd getree.

Dit was naadt die PU-manne in 'n spannende wedstryd met 2-7 in die tweede spel agter was. Hulle het die manne van Oshigambo oortuigend met 7-9, 9-7 en 9-6 geklop. Theunis Bos, Dawie Bos, Jaap Muller, Dirk van Deventer, Polla van Wyk en Koos Pauer was die lede van die wenspan.

Met die aanbreek van die Brenaflos het die PU-span 'n derde plek beklee. Dreyer van der Merwe, H.G. du Plessis, Gerhard Geyer en Graham Pamell het vir 'n verrassende oorwinning vir die PU-span gesorg, toe hulle ongeveer 40 m vóór hul naaste teenstanders geëindig het. Dit het van die PU-span die algehele wenners van die dag gemaak.

Kaptein Dirk Koekemoer, bevelvoerder van die PU Kommando, het as 'n trotse man die wennerstrofee ontvang. Kommandant Johan Jordaan, bevelvoerder van 53 SAI Battaljon, het die oorhandiging voor bykans 1 100 soldate gedoen.

Die finale puntestand was soos volg:

PU vir CHO Kommando (12); SA Kleurlingkorps (11); Oshigambo (9); TUKS (6) en Okonkalo (6).

# Eerstes en tweedes kan altwee wen

**Die PU se eerste sowel as tweede krieketspanne loop voor in die Wes-Transvaal liga. Vir die eerste keer ooit is die kanse groot dat beide die spanne die liga kan wen.**

Koshuisligakrieket is alreeds in volle swang. Uitslae van Saterdag 9 Februarie is soos volg:

Hombré en Drakenstein se wedstryd eindig onbeslis as gevolg van reën. Hombré was ongelukkig om nie te wen nie, hulle het egter meer bonuspunte as hul opponente verdien. Daar was alreeds nege paaltjies van Drakenstein plat toe die reën begin uitsak.

In die wedstryd tussen Over-de-Voor en Dawie Dup het Overs met net oor die 100 lopies gewen. Hulle het Dawie Dup baie maklik vir 55 lopies uitgehaal.

Villagers en Caput se wedstryd het ook onbeslis geëindig as gevolg van die reën. Villagers het egter net 4 lopies vir 'n oorwinning gekort.